Hoe om vir parlementslede te bid

Jy kan die wêreld verander – eenvoudig deur vir konings en leiers van lande te bid. God sê uitdruklik vir ons om vir ons regeringsleiers te bid sodat ons land geseën kan word (**1 Timoteus 2:1-2**). Die volgende is 'n paar kragtige gebede uit die Woord om jou te help terwyl jy vir ons President en ander regeringsamptenare bid, want almal van hulle het 'n nader en 'n groeiende verhouding met die Here Jesus nodig!

1. **Vir hulle huise:** Vader, openbaar die waarheid van Jesus Christus aan die gesin en hart van elke regeringsleier. Maak hulle gewillig om te doen wat reg is. Gee vir hulle wysheid en begrip. Laat elke huis gevul word met vrede en rus (**Psalm 127:1, 101:7; Spreuke 14:11, 24:3, 17:1**).

2. **Vir hulle geestelike lewens:** Vader, maak asseblief die oë oop van al ons regeringsleiers wat nog nie vir Jesus as hulle Verlosser ken nie, sodat hulle kan sien dat U die beste plan vir hulle lewens is. Ek bid dat hulle sal wegvlug van slegte dinge en dat hulle goeie lewens sal lei en U dien. Gee hulle baie geloof, liefde, geduld en sagmoedigheid (**Johannes 6:44; Efesiërs 2:8; 1 Timoteus 6:11,12**).

3. **Vir hulle werk:** Vader, stort asseblief U Gees van wysheid en openbaring uit in die hart en verstand van elke regeringsleier. Lei hulle om wyse raad te soek, net goeie raad aan te neem en tug te aanvaar wanneer dit nodig is. Help hulle om die regte besluite te neem. (**Spreuke 15:22, 19:20**).

4. **Vir hulle krag:** Here, help ons leiers om sterk en dapper te wees en om te doen wat reg is al staan hulle alleen. Gee hulle die vertroue dat U hulle helper is sodat hulle nie bang sal wees vir wat enigiemand sê of dink nie (**Josua 1:7; Hebreërs 13:6**).
5. **Vir nederige harte:** Lei ons leiers om nederig te wees, om te doen wat reg is vir ander mense en om goedhartig te wees. Sal U hulle asseblief beskerm, lei en onderrig. Help hulle om niks slegs oor enigiemand te sê nie, om in vrede te leef en om altyd bedagsaam teenoor alle mense te wees (**Miga 6:8; Psalm 18:27, 25:9; Titus 3:2**).

6. **Om eerlik te wees:** Vader, gee ons leiers 'n onverdeelde hart om die waarheid te leef en te praat. Help hulle om nie na leuens te luister nie en self ook nie 'n leuenagtige lewe te lei nie (**Psalm 101:2-4, 86:11, Spreuke 16:13, 29:12**).

7. **Om medelye te hê:** O Here, help ons regering om reg te laat geskied aan armes en mense in nood in ons land. Help hulle om die swakkes en weeskinders te versorg. Help hulle om nie wraak te wil neem of griewe te koester nie (**Spreuke 29:14; Psalm 82:3-4; Levitikus 19:18**).